

Oorsig artikel - Rondewurms – Veeplaas

Dr. Hanré Bredenkamp

Interne parasiete van beeste, skape en bokke val in drie hoofgroepe nl. rondewurms, lintwurms en slakwurms.

Slegs rondewurms word hier bespreek. Rondewurms (ander naam Nematode) van herkouters word meestal in die dermkanaal gevind.

Daar is 'n groot aantal spesies en die meeste is te klein om met die blote oog te sien. Dit word met behulp van 'n mikroskoop deur 'n kundige persoon gedoen.

Daarom word identifikasie van rondewurms op die plaas gebaseer op die geografiese ligging van die plaas, die diersoort wat besmet is en die deel van die liggaam waar die gevind word.

Rondewurms is gewoonlik silindries in vorm, gepunt aan albei kante en het 'n ronde deursnit. Die grootte varieer van millimeters tot 30 cm lank.

Die meeste rondewurms het 'n direkte lewensiklus, wat beteken dat hulle slegs een gasheer in hul leeftyd het. Na paring in die gasheer lê die volwasse wyfies eiers wat gewoonlik in die gasheer se mis op die weiding beland. Die eerstestadium-larf (L1) ontwikkel binne-in die eier, broei dan uit in die mis en voed op bakterieë. Die eerstestadium-larf vervel en word 'n tweedestadium-larf (L2), wat weer vervel en 'n derdestadium-larf (L3) word. L3 is die besmetlike stadium wat nou op die weiding wag vir inname deur 'n gasheer. Hierdie ontwikkeling is afhanklik van die omgewingstemperatuur en vogtigheid. Indien die toestande optimaal is sal die ontwikkeling binne 1-2 weke voltooi word, maar neem gewoonlik langer.

Die L3 wat ingeneem word migreer na die deel van die liggaam waar hulle voed. Die lewensiklus word voltooi wanneer die volwasse wurm paar en die wyfies eiers lê. Daar vind geen vermenigvuldiging van die volwasse endoparasiet in die gasheerdier plaas nie.

Die verspreiding van rondewurmspesies in SA kom voor volgens reënvalgebiede. Sommige spesies soos bruinmaagwurm benodig koeler toestande terwyl spesies soos haarwurm hitte en vogtigheid benodig. Daar is ook spesies wat aangepas is by droeër toestande.

Jong skape, bokke en beeste word gebore met geen immuniteit tot rondewurms nie, en is totaal vatbaar vir besmetting. Beeste en skape verskil tot 'n groot mate ten opsigte van immuniteit ontwikkeling. Beeste ontwikkel redelik vining immuniteit met blootstelling, en dit lei tot die voorkoms van self-genesing. Rondewurms veroorsaak dus selde kliniese toestande in volwasse beeste, alhoewel dit wel die kondisie en produksie van diere onder stres kan affekteer. Die situasie by kleinvee is anders: hulle neem langer om immuniteit te ontwikkel en beide volwasse diere en lammers toon kliniese tekens van

wurminfestatasie. Dragtige kleinvee skei hoë getalle rondewurmeiers op die weidings uit as gevolg van die verswakking van die immuunstelsel teen wurms tydens laat dragtigheid. Alhoewel volwasse kleinvee 'n vlak van immuniteit opbou, is dit slegs van toepassing op 'n hoë voedingsvlak. Laat dragtige skape en bokke skei groot hoeveelhede rondewurmeiers op die weiding uit, juis omdat die immuunsisteem dan onder druk is.

Skape word weens sekere gedragseienskappe aan hoër vlakke van rondewurmbesmetting blootgestel, hulle wei naby aan die grond en kry so meer wurmlarwes in as ander diere, hulle wei naby aan mekaar en is minder geneig om areas waar mis lê te vermy.

Verskillende rondewurms veroorsaak verskillende kliniese tekens. Dit word bepaal deur die wurm spesie, meer spesifiek, die migrasie en voedingsmetode van die spesie. Sommiges suip bloed terwyl ander spesies op die voering van die derm voed of deur die dermwand boor. Die bloedsuiende groep veroorsaak bloedarmoede, maw die hoeveelheid rooibloedselle verminder en gevolglik is daar minder suurstof wat die organe in die liggaam bereik en die liggaam funksioneer nie doeltreffend nie. Terwyl die wurms rooibloedselle verwyder, onttrek dit ook serumproteïene uit die bloed, wat 'n erge proteïenverlies veroorsaak. Die kombinasie gee aanleiding tot stadige groei by jong diere, swakker produksie van vleis en wol en selfs vrektes. Ander rondewurmspesies beskadig die dermwand wat swak vertering, irritasie en maagwerkings veroorsaak. Sommige spesies kan selfs die dier se eetlus onderdruk en die dier sal vinnig kondisie verloor.

Navorsers het bevind dat produksieverliese reeds plaasgevind het voor simptome gesien kan word in die dier, weens swakker gewigstoename en wolproduksie van die besmette diere.

Om die teenwoordigheid van wurms te bevestig kan die mis van lewende diere vir ontleding na jou veearts gestuur word. Eiertellings sal die graad van die besmetting en die spesie van betrokke wurms aantoon. Diagnose van besmetting deur rondewurms word dikwels in 'n nadoodse ondersoek gemaak wanneer wurms self gevind en besigtig kan word.

Die ideale doseringsprogram beperk die skadelike uitwerking op die diere se gesondheid en produksie sonder dat daar buitensporige hoeveelhede gebruik word.


Weerstand teen ontwormingsmiddels is 'n realiteit. Juis daarom moet daar nou saam met u veearts gewerk word om 'n bestuursprogram te ontwikkel, eie aan u plaas se toestand. Dit strek veel verder as net bloot 'n doseringsprogram. Veral met skaapboerdery is 'n holistiese benadering van kardinale belang.

Bronne.

- Siektes en Parasiete by skape en bokke in Suid-Afrika – deur Pamela en Peter Oberem
- Siektes en Parasiete van Beeste, Skape en Bokke in Suid-Afrika – P Oberem, D Odendaal, PT Oberem, MG Snyman, L Ludwig, H Mynhardt, R Patzelt, J van Rensburg

Hierdie boeke word versprei deur Afrivet.

Kontak ons gerus om u kopie te bestel by 0860 VEEARTS.



Haarwurms (*Haemonchus contortus*) in die abomasum



Dosering van 'n ontwormingsmiddel



Swaar dragtige ooie op weiding skei hoë getalle rondewurm eiers uit.